Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

## VERWELKOMING & AANKONDIGINGS:

- HARTLIK GELUK aan die volgende lidmate wat hierdie week verjaar. Linda Fouche & Elna Piek verjaar Maandag 24 November en op Vrydag 28 November verjaar Heiley Barnardo. Julle moet lekker verjaar en mooi wense.

## LIEF & LEED:

- Dréan Pretorius junior het die volgende toekennings ontvang: Voortrekkers meriete: Oranje Skei & Wit Graadwiel, asook kamprakkers spesialisasie. Skool meriete: Rakker Spreekkoor A++, skaak, mini krieket, netjiese werk, asook spesiale toekennings: beste leser, algehele beste prestasie, diploma in Graad R voltooi.
- Elzé Bornman behaal 'n gemiddeld van 88% in die Finale Alfa Wiskunde Eksamen.

## KLOK:

Die klok lui om ons gedagtes te gaan haal en hierheen te bring. Hier waar ons saam is. Hier waar God ook nou deur sy Gees teenwoordig is.

{{Ek vra ons om te staan vir die toetrede lied ~ VONKK256 ~ Vol van vreugde wil ons jubel en van God se goedheid sing, die votum, die seëngroet en 'n Kersfees lied ~ Gesang 348: 1-3 ~ Stille nag, heilige nag.}}

## TOETREDE:

VONKK256 ~ Vol van vreugde wil ons jubel en van God se goedheid sing

## VOTUM:

Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm. Beskerm my, want ek is u troue dienaar, red my, want U is my God, op U vertrou ek. Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U. Maak my bly, Here, ek hunker na U. U is goed, Here, U vergewe altyd weer, U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

Daar is geen god soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie (Psalm 86: 1-8, 1983).

## SEËN:

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here (1 en 2 Timoteus 1: 2b). Amen.

## SANG:

Gesang 348: 1-3 ~ Stille nag, heilige nag

## GELOOFSBELYDENIS:

In Kolossense 1: 15-20, 2022 lees ons 'n geloofsbelydenis onder die opskrif: *Loflied oor Christus se heerskappy*.

15Christus is die ewebeeld van God wat nie gesien kan word nie. Hy is die heel belangrikste van almal in die skepping.

16Deur Hom is alles gemaak wat in die hemel en op die aarde is ~ die sigbare dinge en die onsigbare dinge. Of dit nou natuurlike of bonatuurlike regeerders of

heerskappye is, en of dit natuurlike of bonatuurlike kragte of magte is ~ alles is deur Hom geskep en alles bestaan vir Hom.

17Christus is van altyd af voor alles, en alles word nou deur Hom aanmekaar gehou.

18Hyself is die kop van die liggaam ~ dit is die kerk. Hy is die oorsprong hiervan, Hy is die eerste en heel belangrikste van almal wat uit die dood opgestaan het, daarom is Hy die grootste en belangrikste van alles.

19Dit het groot vreugde aan God verskaf dat sy eie volheid in Christus woon,

20en om deur sy Seun alles met Homself te versoen sodat almal weer sy vriende kan wees. God het vrede gemaak met almal deur die bloed van Christus aan die kruis. Deur Hom is daar vrede vir almal, of hulle nou hier op aarde is, en of hulle daar in die hemel is.

## SANG:

Die wil van God is liefde, daarom sing ons Gesang 530: 1-3.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

## PREEK:

Vandag staan ons op die drempel van die kerkjaar se einde ~ 'n Sondag met 'n unieke diepte en gewig: Ewigheidsondag, ook bekend as Afdankingsdag, Totsiens-Sondag, of in sommige tradisies Christ the King Sunday. Volgende Sondag begin ons met Advent, dit is die begin van die nuwe Kerklike jaar. Hierdie dag het 'n ryk geskiedenis en betekenis.

Ewigheidsondag het sy oorsprong in die 19de-eeuse Lutherse tradisie in Duitsland, waar die laaste Sondag van die kerkjaar gewy is aan die herdenking van afgestorwe gelowiges. In 'n tyd van oorlog, verliese en sosiale onstabiliteit het gemeenskappe 'n behoefte gehad aan 'n heilige ruimte waar hulle hul geliefdes onthou het en die troos van God se ewige trou bevestig het. Hierdie gebruik het versprei na ander Europese lande en uiteindelik ook na Suid-Afrika, waar dit in Protestantse kerke 'n gevestigde deel van die liturgiese ritme geword het.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

Vandag dra ons hierdie tradisie voort deur die lees van name, die aansteek van kerse, die plaas van blomme, en die sing van liedere. Hierdie eenvoudige handelinge is meer as simboliek ~ dit is ’n vorm van herinnering waar ons menslikheid eer, ons rou erken, en ons geloof versterk. Die brandende kers herinner ons daaraan dat die lig van God nie deur die dood geblus kan word nie. Die gemeenskaplike stilte skep ’n ruimte vir genesing, dankbaarheid en selfs geestelike verdieping.

Ewigheidsondag is nie net ’n dag van terugkyk nie. Dit is ook ’n toekomservaring ~ ’n dag waarop ons herinner word aan die groot Christelike hoop: die nuwe hemel en die nuwe aarde, die voltooiing van God se plan, die sekerheid dat “die dood nie die laaste woord het nie”.

Ons kom dus vandag nie net met hartseer nie, maar met blymoedigheid. Nie net met herinneringe nie, maar met hoop. Nie net om te treur nie, maar om ons lewens weer in die lig van die Ewigheid te sien.

Mag ons in hierdie uur die vrede, die troos en die belofte van God se ewigheid ervaar.

Kom ons word stil, ons dink aan al ons geliefdes wat ons vooruit gegaan het en ons gee ook opnuut ons toekoms in die Hand van die Here...

## GEBED:

## SKRIFLESING:

Jesaja 43: 16-21

16So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters,
17Hy wat strydwaens en perde laat optrek het, 'n leër op volle sterkte na sy ondergang toe. Hulle kon nie weer opstaan nie, dit was klaar met hulle, hulle is soos 'n lamppit uitgedoof.
18Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie.
19Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die

woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

20 Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les.

21 Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig.

## PREEK:

Ewigheidsondag bring ons elke jaar na ’n besondere plek in ons kop en lyf: ’n plek van onthou, van rou, van blymoedigheid en van hoop. Ons dink aan die verlede, aan die hede en aan die toekoms. Ons dink byvoorbeeld vandag in besonder aan ons geliefdes wat ons vooruit gegaan het. Maar ons dink ook vandag aan die Here wat ons oproep: *moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie*.

Jesaja 43 is geskryf vir die volk van Juda wat in ballingskap in Babilon verkeer het of binnekort daarheen

op pad was. Dit was ’n tyd van verlies, onsekerheid en trauma. Die volk het alles verloor: hulle land (grondgebied), baie van hulle geliefdes het gesterf en is agtergelaat, hulle tempel is gestroop en verwoes, hulle godsdiens is op getrap en verkleineer, hul identiteit is ontken en uitgevee, hulle gevoel van veiligheid was nou nog net ‘n droom. Vir baie het dit gevoel asof God self hulle verlaat het.

Dit is juis in hierdie donker konteks dat God deur sy profeet kom en sê: *moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie*.

Vir die eerste hoorders het hierdie woorde soos manna uit die hemel gekom. Hulle word opgeroep om te onthou wat God in die verlede gedoen het ~ die uittog uit Egipte, die wonder by die Rooi See, die wolk- en vuurkolom waarmee God hulle deur die woestyn gelei het.

Terwyl hulle so aanhou terug kyk, herinner God hulle aan iets: Ek is dieselfde God wat die see voor julle oë oopgemaak het … God kan dit ook weer doen.

Dit is opvallend dat God nie vir hulle sê die verlede was onbelangrik nie. Hy sê net: “Moenie dáár vassteek nie.” Die verlede was bewys van God se trou, maar dit moes nie die maatstaf van hulle verwagting word nie. Hy sou weer ’n pad maak ~ nie deur die see nie, maar deur die woestyn.

Op Ewigheidsondag kom ons ook met ons eie vorm van ballingskap, vasgevang in ons eie vorm van woestyn. Ons word herinner aan mense wat ons liefgehad het en nou by die Here is. Ons dra daardie pyn, ons dra die mooi herinneringe, ons dra stories wat vir ons dierbaar en spesiaal is. En tog bring hierdie dag ook die uitnodiging van Jesaja 43 na ons: moenie net aan die vroeër dinge dink nie!

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

Vir die van ons wat nog ‘n geliefde in ons hart en lewe koester, hoor mooi ... dit beteken nie ons moet vergeet nie! Om te sê ons moet ons kind wat oorlede is net sommer vergeet sou onmenslik wees, en selfs verwyder van God se wil. Selfs God vergeet nie die name van sy kinders nie. Maar die Here roep ons om nie in die verlede vas te vries nie. Om nie toe te laat dat verlies die laaste hoofstuk van ons lewens storie word nie. Om nie net die graf te sien nie, maar ook die leë graf. Om nie net die trane op ons wange te voel nie, maar die belofte van God se nuwe dag.

Ewigheidsondag herinner ons dat die Here self ons leer om eerlik te wees oor wat ons verloor het, maar ook om te sien waartoe Hy ons opnuut roep. Hy is die God wat paaie maak waar daar geen paaie is nie ~ selfs in die woestyn van rou, die stilte van leegheid, en die pyn van verlang. Hy sê: Kyk, Ek doen iets nuuts!

Ons kerk, ons gemeenskappe, en ons gesinne ken ook hul eie vorme van verlies: veranderende tye, afsterwe van

geliefdes, vervaagde tradisies, en ’n wêreld wat vinnig beweeg. In sulke tye is dit maklik om te verlang na hoe dit was ~ die goeie ou dae. Die volk in Jesaja se tyd het gedink die enigste manier waarop God kan werk, was soos Hy vroeër gewerk het. Maar God sê: Ek sal weer werk, maar nie op die ou manier nie.

Dit is ’n woord vir ons kerk vandag. Ons het behoeftes, uitdagings, en vrae. Ons wonder oor die toekoms. Maar God sê: “Moenie vasval in die ou patrone nie. Kyk waar Ek reeds nuwe dinge laat opspruit.”

En soms begin die nuwe dinge klein ~ soos ’n stroompie water wat skaars sigbaar deur droë grond begin vloei. God se nuwe werk is nie altyd dramaties nie. Soms is dit ’n stille troos in die nag. Soms is dit die vrede wat onverwags oor ons hart kom. Soms is dit die vermoë om weer te lag ná ’n lang tyd van huil. Soms is dit die ontdekking dat ons elke dag nog genade ontvang.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

Ek wil vir julle 'n storie vertel van 'n vrou met die naam Sara. Sara het haar man na 'n lang siekbed verloor. Hy was haar metgesel, haar beste vriend, die een met wie sy elke maand op die stoep koffie gedrink het en planne gemaak het vir die toekoms. Ná sy dood het sy gevoel asof haar lewe ook stil geword het. Die dae was lank, die nagte was kouer, en die stil huis was vol klanke van herinneringe.

Eendag, op 'n Sondag net soos vandag, het sy met swaar hart in die kerk ingeloop. Op die tafel voor die kansel het daar kerse gestaan ~ een vir elke geliefde wat gesterf het. Sy het gaan sit en probeer bid, maar sy het net trane gehad.

Toe die predikant Jesaja 43 lees: moenie aan die vroeër dinge vashou nie; kyk, Ek doen iets nuuts, het sy gevoel dit is vir haar. Maar sy het gedink: “Hoe kan daar iets nuuts wees? Alles in haar is dood. Alles is donker.

Na die diens het sy nog lank in die bank bly sit. Uiteindelik het 'n jong dogtertjie na haar toe gestap, skaam en stadig. Sara het haar nie geken nie. Die dogtertjie het 'n klein papiertjie in haar hand gehad. Sy druk dit in Sara se hand en sê: "Ek het jou sien huil. Ek wou net vir tannie sê: God kan nuwe blomme laat groei, selfs op plekke wat lyk soos woestyn."

Toe die kind wegstap, vou Sara die papiertjie oop. Daar was 'n prent van 'n blommetjie wat deur klippe groei. Net dit.

Daardie klein kinderprentjie was God se stroompie in haar woestyn ~ die herinnering dat haar verhaal nie verby was nie. Dit was nie 'n groot wonder nie. Daar was nie 'n hoorbare stem nie. Net 'n klein blommetjie in waskryt. Maar dit was genoeg om weer hoop te laat opspruit.

God se nuwe dinge begin soms só ~ stiller, sagter, kleiner as wat ons dink. Maar dit is lewend.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

---

Jesaja 43 roep ons vandag om drie dinge te hoor:

1. God is die Here van die verlede: Hy het by die Rooi See gestaan; Hy het sy volk gelei; Hy het elke traan gesien. Hy het die naam van elke geliefde wat ons vandag onthou, in sy hand gegraveer.
2. God is die Here van die hede: Hy stap saam met ons deur die valleie van rou, deur die vrae, deur die stilte. Hy laat water in ons woestyne ontspring, selfs al sien ons dit nie onmiddellik nie.
3. God is die Here van die toekoms: Hy skep nuut. Hy maak die pad weer gelyk. Hy bring lewe waar ons slegs dood sien. Hy bring dagbreek vir almal wat in die nag sit.

Die kerse wat ons aansteek, is ’n teken van die lig van Christus wat nooit uitgedoof kan word nie. Dit is ’n getuienis dat die dood nie die laaste woord het nie. Dit is ’n uitroep van hoop dat God steeds in die woestyn van ons emosies, ons vrese en ons verlies, nuwe paaie maak.

Geliefdes, mag hierdie Ewigheidsondag vir ons ’n dag van eerlike herinnering wees ~ maar ook ’n dag van oop

oë. Mag ons sien wat God doen. Mag ons die stroompies lewende water in ons woestyn raaksien. Mag ons ontdek hoe Hy stadig maar seker dinge nuut maak in ons lewens. Mag ons leer om die verlede te eer, maar nie deur dit vas te hou nie ~ deur dit in God se liefde te los.

Aan God die eer, nou en tot in ewigheid. Amen.

## SANG:

Gesang 349: 1-4 ~ Kom, kinders, besing met ‘n vrolike stem.

## WEGSENDING (Seëngroet):

Efesiërs 1: 17, 2022: Ek vra vir die God van ons Here, Jesus Christus, en die Vader aan wie alle heerlikheid behoort, om ons te laat deel hê aan die Gees se wysheid. En dat Hy die regte kennis oor God aan ons sal bekendmaak.

Tekste: Psalm 86: 1-8, 1983; Kolossense 1: 15-20, 2022; Efesiërs 1: 17, 2022.
Fokus: Jesaja 43: 16-21, 1983.
Liedere: VONKK 256: 1-4; Gesang 348: 1-3; Gesang 530:1-3; Gesang 349: 1-4; Gesang 353: 1-3.

## HUISTOE GAAN LIED:

Gesang 353: 1-3 ~ Die Heiland is gebore